Die Koers deur die Voortrekkers vir ons aangewys.

Tulbagh, Junie 1938.

191. T. 5 (13)

I. Inl.: Oor onderwerp – misonderheid oor koers. Ons leef in 'n land met baie vraagstukke. Sommige raak wel en wee van hele volk. Hoe moet ons sulke vraagstukke benader? – Koers van Voortrekkers. Neem net 'n paar belangrike punte.

II. Ons Verhouding teenoor Naturelle: Oorspr. drie vername nat.-rasse. Kaffers verreweg die sterkste. Diepgaande verskille tussen witman en naturel. Gevolglike probleme en botsings. Ook vandag nog 'n probleem. Kolossale bet. v. nat.-vraagstuk vir ons volkslewe.

Voortrekkers goed bekend met nat.-vraagstuk. Sien gevolge v. weifelende pol. Hulle gaan op trek len deur sou hul hul beleid ontwerp en toepas. – Bewering van kwaadgesindes in verband met hul politiek. Art. 6 v. Retief se manifes. – hieruit reeds 2 vername beginsels.

Wat omtrent praktyk? – Louis Trig., Potgieter, Retief. Vyande wys op slae van Mosega en Bloedrivier. Pretorius. Boodskap van Panda 12 jaar eatr aan Antelisse. Antwoord van Pretorius. Pretorius toon ook ander beginsel, nl. segregasie. Voordele van segregasie.

Dis alles nog steeds die ~~[illegible]~~ Afr. beleid. Maar dit word vandag ernstig bedreig. – Kreet van gelyke regte. Kreet van rassevermenging. Dis beleid wat al soveel ellende veroorsaak het. Gevaar as naturel plotseling van sy eie losgemaak word.

Dus liewer Voortrekkerkoers – ons trusteeskap. Dan sal Nat. ons ook verstaan. Ook segregasie want gelykstelling en saamwoning bring rassevermenging ens.

III. Nasionalisme: 'n Gevaar wat ons volk bedreig – so ook baie ander. Menig vas pessimisties. Egter ook vername kragte

aan ons kant – hieronder veral nasionalis[me]
'n Volk met nasiebewussyn is 'n volk met selfrespek. So lank volk van Suid-Afr. dit het, só lank sal hy voortbestaan.

Vorming van Afr. volk. – Waar? en Wanneer? Voortrekkers ongetwyfeld egte onvervalste verteenwoordigers. Verskil tussen hulle en Eng. koloniste. Hulle is geheg aan S.-Afr. maar nie aan een bepaalde deel daarvan nie. As hulle deur onsimpatieke reg. aan 'n gedurige plundering blootgestel word, besluit hulle om te trek.

Aanknoping met Retief se manifes. Dis taal van opregte Afrikaner. Dan trek hulle – hulle aktiwiteite: nat:-beleid; beskaafde reëlings; onderhandelings met Eng. reg. oor onafh. Alles kragtige bewyse v. nasiebewussyn.

Hul offers: Trig. en Van R. se trekke. Piet Retief en sy manne; verspreide Voortrekkers, 17 Feb. 1838.

Treffende uitings: Mev. Erasmus Smit en Sarel Cilliers. Skone, egte nasionalisme – hulle roep ons luid toe: wees Afrikaners, wees eg. Maar is ons dit? Indien wel, in hoeverre? Ons magtige nabuur! Maar tog staan ons volk nog daar. Selfs 'n bloeityd. Dit nie voorkom of ons nog die koers volg. Egter ook verontrustende tekens. Oor skone gloed van optimisme val skadu van pessimisme.

Woorde van Die Stem.

IV <u>Gesinslewe</u>: Berigte van verskeie reisigers: min of meer patriargale inrigting. Dis die gees van die boere v. Kaapse binneland. – dis gees wat Voortrekkers saam neem. Huisgesin onder Voortrekkers dus begin sosiale eenheid.

Naas Bybel is huisgesin die

Voortrekker se vernaamste besitting. Selfs onafskeidbaar. Dis Bybel front 'n hegte band vir huisgesin geword het. Ons verbaas ons dat daar so min analfabete onder Voortrekkers was. Rol van huisgesin hierin. Rondreisende onderwysers. Bybel leesboek. Kortom iedere huisgesin 'n hegte sos. eenheid, 'n gem. van die Here en 'n skool vir kinders. Een van mooiste kenmerke v. Voortrekkers dat hulle as dierbares in huisgesin saamgesnoer was.

Maar Trek bring baie en groot gevare met hom mee en dikwels kom dit voor dat lede van huisgesin te dierbare uit hul midde moet afgee. Daar het Voortrekker sy grootste en diepste droefheid ondervind. Louis Trig. (29 Aug. 1837); Sy vrou; Christina Pretorius.

Dit alles gee ons die gees van die Voortrekkerhuisgesin. Faktore wat hegtheid en eenheid van huisgesin ondermyn. Egte Voortrekkergesin word dikwels as ouderwets beskou. Betekenis van 'n gesonde ~~S...~~ gesinslewe — groot gebrek by kommunisme.

V <u>Slot</u>: Bewaring van kosbare erfenis. Egte prinsipiële denke. Ons filosowe na Grieke; ons regsgeleerdes na ou Ned. regsgeleerdes van 17de eeu. Waarom ons nie na Voortrekkers nie? Resumé oor drie punte. Leuse van Voortrekkerbeweging.

Tulbagh — 1.

Die Koers deur die Voortrekkers vir ons aangewys. Junie 1938.

I Inleiding: Oor die onderwerp. Wat beteken dit? Koers kan in twee sinne opgeneem word. Eerstens 'n letterlike sin, d.i. die rigting wat iemand volg op 'n reis, 'n trek of 'n ontdekkings- of verkenningstog. Maar tweedens 'n oordragtelike of geestelike sin, d.i. die rigting wat iemand volg in verband met geestelike of intellektuele aangeleenthede, ~~in verband met probleme~~, belang van 'n staatkundige, sosiale of ekonomiese aard. Dit is in hierdie sin dat ek hier van 'n koers praat: watter koers of watter rigting het die Voortrekkers in verband met ~~vraagstukke~~ ~~[illegible]~~ ons alledaagse lewe vir ons aangewys?

Ons lewe in 'n land wat baie vraagstukke het. Sommige hiervan is alg. wêreldprobleme en kom nie net in Suid-Afrika voor nie, maar andere is spesifieke Suid-Afrikaanse vraagstukke, wat hier in ons land ontstaan het en hier 'n spesiale vorm aangeneem het. En onder al hierdie vraagstukke is daar dié wat lewensbelangrik is en wat nie net die wel en wee van die individu raak nie, maar wat die wel en wee van ons volk raak en inderdaad die voortbestaan van ons volk geld. Hoe moet ons sulke vraagstukke benader? Watter koers moet ons in verband daarmee volg? Dit is hierdie vraag wat die Afrikaner deesdae feitlik elke dag besighou,

en as ons maar 'n bietjie wil stilstaan en nadink sal ons sien hoedat die Voortrekkers vir ons 'n koers aangewys het, wat nog vandag die egte Afrikanerkoers genoem kan word, en wat iedere Afrikaner in belang van sy volk behoort te volg en seker graag ook sal wil volg.

Ons het natuurlik nie die tyd om vanaand stil te staan by al die vraagstukke van ons volk nie, en ons kan ook nie eers by al die belangrike vraagstukke stilstaan nie. Maar laat my toe om slegs enkele voorbeelde te noem, en dan kan ons die Voortrekkerkoers in verband daarmee vasstel.

II <u>Naturelle</u>: S.Afr. is 'n land met 'n groot naturellebevolking. Oorspronklik was daar drie groot naturellerasse in ons land, nl. die Hottentotte, die Boesmans en die Bantoes of Kaffers. Van hierdie drie is die laaste naturelleras verreweg die vernaamste, die talrykste en die sterkste. Verstaanbaar dus dat die Kaffers in die verlede, en vandag ook nog, baie meer prominent opgetree het as die ander naturellerasse, wat vandag reeds byna uitgesterf is.

Tussen die naturel en die witman is daar groot en diepgaande verskille: verskille van beskawing, temperament en van morele en sedelike opvattinge. En dit is byna vanselfsprekend dat daar uit die aanraking tussen die witman en die naturel probleme sou ontstaan. Ons geskiedenis is vol van sulke probleme, en dit

het in die verlede inderdaad ook talle van botsings, en dikwels veel bloedvergieting veroorsaak. Maar dis nie slegs iets van die verlede nie — vandag sit ons nog met ons groot en lewendige naturelleprobleem. Ons sien welswaar vandag nie meer die oorloë en bloedvergieting van die verlede nie, maar die probleem is nietemin nog daar — en hy is nie minder ernstig nie, want ~~ons volksbestaan tot in die wortel raak~~ as daar vandag een waagstuk is wat ons volkslewe tot in sy wortel raak en die allergrootste gevare vir die suiwere voort~~bestaan~~ bestaan van ons volk oplewer, dan is dit die naturelle-vraagstuk.

Met die naturellevraagstuk was die Voortrekkers goed bekend. Die meeste van hulle was van die oostelike grensstreke van die Kolonie afkomstig, m.a.w. juis in dié dele waar ~~hulle~~ ~~ons~~ gedurig met die Kaffers in aanraking gekom het. Hier in die ooste het hulle die Kaffer in die praktyk goed leer ken, en hier het hulle ook voor hulle oë gesien wat die resultate van 'n lamlendige, weifelende owerheidsbeleid was. Trouens hulle was self die slagoffers van daardie beleid, want moes baie van hulle nie van hulle plase vir veiligheid wegvlug nie? En het baie van hulle nie al hulle aardse besittings daardeur verloor nie? En het baie vroue nie, duisende, en baie

kinders dierbare vrees deur Kaffermoorde hier op die grens verloor nie? Hulle verlaat die Kolonie; hulle gaan op trek, en dan sou hulle 'n naturellebeleid ontwerp en hulle verhouding tot die naturelle sodanig bepaal soos hulle dit goed en wenslik geag het.

Die Voortrekkers word dikwels deur kwaadgesindes daarvan beskuldig dat hulle beleid teenoor die naturel 'n negatiewe beleid van onderdrukking en selfs van uitroeiing was. Maar dat hulle sistematies net hulle eie belange sou bevorder het, en met die oog daarop die naturel met opset in 'n agterlike en onderdanige toestand sou gehou het. Verder dat hulle nie sou geskroom het om die naturelle se grond af te neem en hulle daarop te vestig nie. Dit behoef egter geen uitvoerige betoog om te bewys hoe ver van die waarheid sulke bewerings is nie. Uit 'n nadere kennismaking met die vernaamste beginsels van die Voortrekkerbeleid sien ons dat dit alles behalwe die waarheid is.

In die bekende manifes van Piet Retief, wat ons met reg die staatkundige geloofsbelydenis van die Voortrekkers kan noem, word in waardige bewoording reeds aangedui in watter gees die Voortrekkers teenoor die naturellevolke wat hulle ontmoet, sou optree. In art. 6 verklaar die Voortrekkerleier o.a.: „Ons verklaar

plegtig hie dat ons geen volk sal molesteer nie, en niemand van sy wettige eiendom, hoe gering dit ook al mag wees, sal beroof nie. Maar as ons aangeval word, sal ons onsself volkome geregverdig voel, om ons persoon en ons eiendom met alle mag teen enige vyand te verdedig." Hierdie spreek reeds ~~die~~ die vernaamste beginsels van die Voortrekkers se beleid: dit moes nl. billik en regverdig maar boweal ferm en beslis wees. Maar dis nog maar die teorie, — sal die ~~teë~~ teenstanders sê — wat omtrent die praktyk? Het die Voortrekkers ook in die praktyk sôn beleid toegepas?

By Louis Trigardt, die eerste Voortrekkerleier, vind ons al 'n antwoord hierop. Soos hy getuig het, het hy met baie Kafferkapteins in aanraking gekom. Hy gee aan hulle die versekering dat die witmense ~~die~~ hulle wense van niks sal beroof nie, maar steeds beloning sal gee vir alles wat hulle van die Kaffers kry. Hieraan het Trig. steeds getrou gebly. Maar verder het hy die kapteins ook steeds gewaarsku dat hulle die witmense nie moes beroof nie en wat ons moes laat as dit nie gebeur nie sou hy nie aarsel om die rowe-oortreders met geweld te straf nie. Ook hieraan bly hy getrou. Gevolg: Kaffers kry vir hom respek — hy moet aan sommige kapteins getuigskrifte gee, en in Laeveld word hy self as arbiter ingeroep in die geskil tussen vroulike kaptein Mosalie en

jong aspirant-kaptein Magoepi.

Kyk ook maar verder na die optrede van Potgieter en Retief. Potgieter, die romantiese baanbrekerleier, was die eerste om vir die Voortrekkers grond te koop, en wel die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier van die Bataoeng-opperhoof, Makwana. Maar daar is geen sprake van grondroof nie; dit was 'n billike en regverdige transaksie: Makwana staan die grond af maar in ruil ontvang hy en sy mense beskerming teen die verwoestende Matabeles van Moselikatse, en boonop 'n aantal beeste.

Dieselfde is die geval met Retief en die Voortrekkers in Natal. Hulle beroof nie die Soeloes van grond nie, maar deur 'n plegtige verdrag staan Dingaan 'n deel van die land waaroor hy gesag voer aan hulle af. Daar kan nie sprake daarvan wees dat die Voortrekkers die Kaffers van hulle grond beroof het nie.

Vyande van die Voortrekkers wys op die slae van Mosega en Bloedrivier, waar die Voortrekkers die Matabeles en die Soeloes gevoelige neerlae toegedien het. Die bewering is dan dat hulle daarna die Kaffers van hul land beroof het. Maar Mosega was 'n geregverdigde bestraffing van Moselikatse weens die moorde deur die Matabeles gepleeg en weens die aanval op die Vegkop-laer. Bloedrivier weer was die regverdige bestraffing van die Soeloes weens die moord van Retief en sy manne en ook die moord van honderde weerlose Voortrekkers, vrouens en kinders, by Boesmansrivier, Bloukransrivier en

en Moordspruit. Andersins nie ons
dus weer dat die Voortrekkers
eerlik en billik teenoor die naturelle
optree, maar daarby ferm en beslis.
Laat ons in hierdie verband ook
nog by Andries Pretorius stilstaan
as leier van die Voortrekkers in
Natal, hoe hy daar vir 'n ~~paar~~ kort
~~[illegible]~~ tydjie alleen, die Voortrekker~~beleid~~
in die praktyk toepas. Na die val
van Dingaan het Pretorius Dingaan
se broer Mpande tot koning van
die Soeloes geïnstalleer. Aan die ~~walle~~ walle
van die ~~Swart Umfolosi~~ (Pongola) het die
plegtigheid plaasgevind. Pretorius
plaas hom op 'n groot rotsblok
en spreek Mpande en sy gevolg toe.
Pretorius het hom oortuig van die
goeie troon en aanspraak van
Mpande op die Soeloetroon, en hy
verhef hom tot koning van die
Soeloes. Maar hy sou in 'n verband
met die republiek staan, en hy
sou met niemand oorlog voer
sonder toestemming van die volksraad
nie. ~~Pretorius wys op die rotsblok;~~
~~dis hulle getuie~~ Veral mag hy
nie ~~oorlog voer~~ teen vroue en
kinders ~~veg nie~~ veg nie. Pretorius wys op die
rotsblok — dis hulle getuie. Solank
as die rots staan, sal ook die verbond
bly staan; as dit stof geword
het, dan eindig ons verbond.
Twaalf jaar later, toe Natal
reeds weer deur die Engelse geannekseer
was, stuur Mpande 'n boodskap
na Magaliesberg aan Pretorius, — Antelisie soos
die Kaffers hom genoem het:
Ek, Mpande, slaap sedert vele
maande nie meer goed nie. Ek
is nie meer baas in my land nie.
Die Amangaise (Engelse) sy oral
rond en molesteer ons. ... Die

Soeloenasie was van„et op'n seun van die vermeldinger van Dingane, om hu Amaxgeese in Natal op te eet". Kalm antwoord Pretorius die boodskapper: „Ek het Mpande se boodskap gehoor... Hy weet wat ons gepraat het aan die Pongola, twaalf jaar gelede. Daardie volsteen staan nog; hy is ons getuie. Mpande moet die vrede bewaar met die witmense." So bly die Voortrekkerbeleid konsekwent, en so het Pretorius 'n slagting in Natal voorkom. Die Engelse het die Voortrekkerrepubliek in Natal met geweld verower, en die grootste werk van Pret. daar tot niet gemaak. Maar die Voortrekkers se naturellebeleid is nogtans te ferm, te beslis en te konsekwent om toe te laat dat Kaffers gebruik word om wraak te neem op die blanke veroweraars van die Voortrekkerrepubliek.

Pretorius toon ook 'n ander baie belangrike beginsel in die voortrekkerbeleid, nl. segregasie. Op die oosgrens van die Kolonie het voortrekkers reeds die gevolge daarvan gesien as daar nie 'n def. skeidslyn tussen die gebied van die blankes en dié van die naturelle is nie. Daar het hulle gesien hoedat dit 'n kragtige, 'n ferme optrede teenoor die naturelle onmoontlik gemaak het. Vandaar dat Pretorius en die Volksraad toegesien het dat Mpande met sy Soeloevolk noord van die Tugela moes verskuif. Slegs kaffers wat vaste woonplekke het, en in diens by boere op. Mosie is word toegelaat om in die blanke gebied te bly.

Deur sÿn beleid word die blankes

in staat gestel om rustig met hulle boerdery en ander ekonomiese bedrywighede voort te gaan, terwyl stamkaffers aan die ander kant ook rus, vrede en ruimte in hulle gebied het.

Dit is die hoofstrekke van die Voortrekker-beleid gewees — dit is die koers wat die voortrekkers in verband met die naturelle vir ons aangewys het. En dit is vandag nog geensins uitgedien nie. Ons sal trouens almal saamstem dat dit nog steeds die ~~opvatting~~ egte Afrikaanse opvatting is. Die meeste Afrikaners is in hierdie verband nog getrou aan die Voortrekkerkoers.

Maar dit is ook 'n feit dat die Voortrekkerkoers vandag ernstig bedreig word.

Meer en meer hoor ons vandag van sg. liberaalgesindes die leer van gelyke regte vir die naturel. Meer en meer word die leer verkondig dat die naturel in alle opsigte die gelyke van die blanke is, maar dat hy deur die blanke opsetlik in 'n minderwaardige posisie gehou word. Meer en meer word selfs rassevermenging voorgehou as 'n oplossing van ons naturelle-vraagstuk. Dis 'n gevaarlike dwaalleer hierdie, en ons Afrikaners weet dit. Dis juis hierdie leer wat vir ons en vir die naturelle in die verlede reeds soveel ellende veroorsaak het. Want, maak jy die naturel plotseling los van wat sy eie is, sy eie gebruike, sedes en instellings, dan het jy 'n wese wat nog die een

nóg die ander is – dan is hy nóg naturel nóg witman. Die beskawing en kultuur van die witman verstaan hy nie, want sy temperament, sy denkwyse, sy hele gees is anders, en gevolglik kan hy hom nie daarby aanpas nie. Dit is juis dan dat hy laer en laer sink, en uiteindelik tot 'n erbarmlike peil daal, veel laer as die egte naturel. En dan eers word hy 'n werklik ernstige probleem en 'n groot gevaar.

Vir my veel liewer die Voortrekkerkoers: ~~laat ons eerbiedig en billik maar bowenal ferm en beslis teenoor die naturel. Optree~~ laat ons die verantwoordelikheid van ons trusteeskap oor die naturel aanvaar, en laat ons eerbiedig en billik maar bowenal ferm en beslis teenoor hom optree, en dan sal hy ons respekteer net soos hy die Voortrekkers gerespekteer het — soos Mpande vir Pretorius gerespekteer het. En laat ons op die pad van segregasie volhou, want gelykstelling en saamwoning bring rasvermenging, en rasvermenging noodwendig degenerasie.

II ~~Bestuur: Wêreldpolitiek [illegible]~~

III Nasionalisme: Ek het hier so pas 'n gevaar genoem wat die suiwere voortbestaan van ons volk bedreig; en so is daar

ook nog baie ander sulke gevare. Pessimiste ~~sê~~ meen vandag soms ~~[illegible]~~ dat die gevare vir ons te groot word, dat hulle ons gaan oorweldig, en dát ons ons dus maar berus, daarvoor moet klaarmaak dat ons as 'n volk vroeër of later sal ophou om te bestaan. Hulle vergeet dat ons ook magtige faktore aan ons kant het, kragte wat ons in staat stel om sulke gevare suksesvol die hoof te bied.

Een van die vernaamste hiervan is ons nasionalisme of nasiebewussyn. 'n Volk met nasiebewussyn is 'n volk met selfrespek, 'n volk met geloof in sy roeping, met geloof en vertroue in sy voortbestaan. En solank as die volk van Suid-Afrika 'n lewende nasiebewussyn het, só lank sal hy voortbestaan en só lank sal hy in staat wees om die gevare wat hom bedreig suksesvol te weerstaan.

En juis daarom is dit nodig dat ons nagaan watter koers die Voortrekkers in verband hiermee vir ons aangedui het. Ook hierin het die Voortrekkers vir ons 'n duidelike rigting aangewys, en ook hier is hulle leiding vir ons 'n versterking, 'n inspirasie.

~~Dit is moeilik om te sê waar die Afrikaanse volk gevorm is.~~

Die Afrikaanse volk is die produk van die Afrikaanse bodem en die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Ons volk is gevorm nie soseer aan die hoofplaas, die Kaapstad, en omgewing nie, maar by uitstek op die vlaktes en tussen die berge. van ons die ou binnelandse distrikte, Stellenbosch

Swellendam en Graaff-Reinet; nie die distrikte soos hulle vandag is nie, maar soos hulle aan die uitgang van die 18de eeu was, toe hulle die grootste gedeelte van die Kaapkolonie se binneland beslaan het. Hier in die binneland met al sy lief en leed, met sy pragtige landskappe en heerlike klimaat, maar ook met sy groot en beproewende gevare, hier in die binneland is selfstandige mense gevorm wat tereg die volk van Suid-Afrika genoem kan word.

Wanneer dit gebeur het is moeilik om met sekerheid te sê. Maar een ding staan vas en dit is dat dit vóór die Groot Trek reeds gebeur het. Die Trek is juis die bewys daarvoor. As daar toe nog nie 'n volk van Suid-Afrika was nie, dan sou 'n beweging soos die Groot Trek immers nie moontlik gewees het nie.

Die Voortrekkers was ongetwyfeld die onvervalste, die beste verteenwoordigers van 'n egte Afrikaanse volk. By hulle was daar nie die gedagte dat hulle buite S.Afr. om 'n ander vaderland het nie. Hulle voorvaders het jare tevore hoofsaaklik uit Holland, en deels ook uit Frankryk en Duitsland, na S.Afr. gekom maar van die Europese lande was hulle volkome afgesny. En net soos hulle taal – en ons taal Afrikaans – hier plaaslik as 'n selfstandige taal gevorm was, net so was ook hulle as verteenwoordigers van 'n selfstandige volk hier plaaslik gevorm. Hulle oë was nie meer gerig op Europa nie; hulle het net een vaderland geken, Suid-Afrika, en hier sou hulle bly.

Dit was juis die groot verskil tussen hulle en die Engelse kolonistë van die tyd. Die Eng. kol. was toe nog maar 15 of 16 jaar in S.-Afr. en as hulle van hul vaderland gepraat het dan ~~was~~ het hulle nog steeds oor die water gekyk – en sommige van ons Eng. vriende doen dit selfs vandag nog. Die voortrekkers daarteen was egte Afrikaners, Afrikaners in murg en been.

Aan Suid-Afrika was hulle geheg, maar nie aan een bepaalde deel daarvan nie. As hulle hulle in die Kaapse binneland en veral op die oosgrense aan gedurige plundering deur 'n onsimpatieke [illegible] blootgestel vind, en as hulle hul beskawing ~~[illegible]~~ ~~[illegible]~~ in gevaar sien, dan kom hulle selfstandigheid en selfrespek in verset daarteen, en dan besluit hulle om liewers uit die Kolonie weg te trek en in 'n ander deel van S.-Afr. 'n tuiste te soek. Daar sou hulle as 'n volk kan voortbestaan en daar sou hulle hulle lewensopvatting in praktyk bring, om so hul nasiebewussyn uit te leef.

Ook hier kan ons by Piet Retief se manifes aanknoop. „Ons wanhoop daaraan," sê hy, „om die Kolonie te red van die euwels wat dit bedreig deur die oproerige en rooflike gedrag van rowers en vondlopers, wat toegelaat word om die land in alle dele te verontrus; en ons sien geen vooruitsig op vrede en geluk vir ons kinders in 'n land wat op dié manier gekwel word deur inwendige beroeringe nie". Dit is die taal van die Afrikaner [illegible]; die Afrikaner wat die belange van

sy mede-Afrikaners en sy nageslag op die hart dra.

Dan trek hulle uit. Weldra vind ons hulle besig om hulle ~~~~ verhouding tot die inboorlinge ~~~~ volgens eg Afrikaanse beginsels te bepaal soos ons reeds gesien het. Ook gaan hulle daartoe oor om 'n deeglike bestuur op te stel. Eers by Vetrivier, daarna in Natal, Transvaal en dan weer in die Vrystaat. Die burgers kies hulle verteenwoordigers wat die Volksraad vorm, maar lede van die volksraad bly die dienaars van die volk – die volk bly die hoogste mag beklee. By hulle vind ons ware demokrasie.

Ons sien ook hoedat hulle herhaaldelik met die Eng. owerheid aan die Kaap onderhandel om hulle staatkundige onafhanklikheid erken te kry. Dit alles is tragtige bewyse daarvoor dat hulle in hulle ~~vergaderinge gehad het~~ ~~selfstandige volk was~~, wat steeds getrag het om soos 'n vrye, onafhanklike volk te leef. Vir hierdie ideaal het hulle alles veil gehad, en groot was die offers wat hulle daarvoor gebring het.

Eerste 2 trekke – Van Rensburg en Trigardt. Eers in verbinding met mekaar maar in Soutpansberg van hulle afskeid – Tragiese lotgevalle. Dan moord van Retief en sy sestig man – daarna moord op verspreide Voortrekkers in Natal: op 1 dag, 17 Feb. 1838 (voordagbreek in oggend) byna 300 Voortrekkers, vrouens en kinders. Eindelik twintig ~~eindelik~~ vadie woorde van my. Erasmus Smit – 'n mistir van Gerrit Maritz – aan adv. Cloete in Natal. En hierdie eindelik ook na die gebed van

van Sarel Cilliers – Sondagoggend 9 Des. 1838 op die wenkommando. Kan 'n mens klinkender, kragtiger bewyse

van 'n ~~egte~~ skone, 'n egte, 'n suiwere Afrikaanse nasionalisme verwag. Ook in hierdie opsig dus het die Voortrekkers ons 'n onmiskenbare koers aangewys. Hulle roep ons toe, en veral hom 100 jaar na die Trek roep hulle ~~nog~~ luid: wees Afrikaners, wees eg en wees getrou.

Maar is ons dit? Indien wel, in hoeverre is ons dit? Ons het vandag 'n groot kultuurstryd te stry en ons moet ons handhaaf teenoor ons magtige Engelse nabuur. Maar ten spyte daarvan, en ten spyte van die 100 jaar wat daar reeds vanaf die Trek verloop het, staan ons Afrikaanse volk vandag nog ongeskonde daar. Dit is selfs 'n feit dat ons op kulturele gebied 'n bloeityd beleef. Slaan maar ons Afrikaanse literatuur vandag gade: daar verskyn meer letterkundige werke en ook wetenskaplike werke as ooit tevore. En dan is daar ons Afrikaanse tydskrifte, dagblaaie en ander; dit is bepaald verblydend dat ons Afrikaanse koerante groei en bloei en uitbrei. Meer as ooit tevore is die pen in die diens van die volksgesag en dit gee ons hoop vir die toekoms. Dan is daar ons Afrikaanse verenigingslewe. Ook ons verenigings het die stryd vir ons kultuur en nasionalisme met nuwe

aangebind en doen 'n groot werk in verband met die handhawing van ons nasionale identiteit. U sien bemoedigende tekens is daar, en is daar baie, en ons het rede om die toekoms met 'n mate optimisme tegemoet te sien. Dit wil voorkom of ons nog die koers van nasionalisme van die Voortrekkers volg.

Maar laat ons nie ons optimisme met ons laat weghardloop nie; laat ons gebalanseerd wees en ons ook kalm en bedaard afvra of daar nie ook verontrustende tekens is nie. Ons volk het begin leer om te lees, maar nogtans is dit 'n ongelukkige feit, wat niemand kan betwis nie, dat daar nog baie Afrikaners is wat op geen Afrikaanse tydskrif inteken nie, maar doodtevrede daarmee is om hulle daaglikse berigte in Engels opgedis te kry. Daar is van ons wat geen Afrikaanse boeke lees nie — of miskien slegs by wyse van uitsondering in 'n skrikkeljaar 'n Afrikaanse boek bietjies insien.

Daar is 'n ander verontrustende feit: ons verenigings floreer en ons is trots daarop; maar is dit nie 'n feit dat daar nog baie mense is, mense wat onder die naam van Afrikaners gaan, wie se name nie op die ledelys van een enkele Afrikaanse vereniging (Afr. Taal en Volkslied.) voorkom nie! Van hierdie feite kom ons nie weg nie: onder ons is daar nog Afrikaners wat met 'n blinde onverskilligheid en

'n doodse kondheid geslaan is, 'n opregte van ons nasielewe, iets wat vir die Voortrekkers dierbaar was, en wat vir alle Afrikaners vandag nog dierbaar behoort te wees. Dit is hierdie mense wat wakker gemaak moet word, met mooi woorde en vriendelike aansporing kan dit gedoen word. Maar laat ons hier onthou: woorde ~~trek~~ wek, maar voorbeelde trek. Ons moet uitleef wat ons verkondig.

Wie kan dit dan betwyfel dat daar vandag te midde van al die ~~[illegible]~~ bemoedigende tekens ook verontrustende tekens is! Dit is 'n feit dat oor die skone gloed van ons optimisme die pessimisme soms vandag sy onverbiddelike skadu werp. Dit betaam ons dus om vandag weer op die Voortrekkerkoers te let — hulle eindig is ook in die geval nog nie uitgedien nie; laat ons dit maar gerus volg, en laat ons soos hulle, ook bereid wees om vir ons nasieskap ~~4~~ ons offers te bring wanneer dit van ons geëis word.

IV Woorde van Die Stem ---
<u>Gesinslewe</u>: 'n ander punt wat van die allergrootste bet. in verband met ons volkslewe is, en dit is nl. die gesinslewe van ~~[illegible]~~ die volk. Dit betaam ons ook om 'n bietjie hieroor na te dink en vas te stel watter koers die Voortrekkers vir ons aangewys het.

Verskeie ou reisigers — soos Hein. Lichtenstein, Thos. Pringle en Andrew Steedman — wat met die boere v.d. Kaapkol. vóór die Groot-Trek kennis gemaak het, praat met nadruk van die hegte famieliebande

en veral van die hegtheid van die huisgesin onder die boere. Hulle sê daar het 'n min of meer patriargale inrigting bestaan, maar die vader is die hoof en almal sien op na hom. Almal in die huis is van hom afhanklik, en hy gee leiding en raad. In die huis is sy woord wet, almal lê hulle daarby neer, en hy besef die groot verantwoordelikheid daarvan. Dit is hierdie gees wat daar reeds by die boere van die Kaapse binneland voor die Groot Trek bestaan het, en dit is dan die gees wat die Voortrekkers met hulle saam geneem het.

In die lig hiervan is dit verstaanbaar waarom onder al die Voortrekkers die huisgesin deurgaans 'n hegte sosiale eenheid was. Op die trek self, en ook nadat die Voortrekkers hulle gevestig het, bly die huisgesin bymekaar. Vandaar dat ons in herinneringe van Voortrekkers self so dikwels lees dat die of daardie trek uit soveel of soveel huisgesinne bestaan het. Die invloed van die huisgesin werk verder deur in soverre huisgesinne wat weer in bloedverwantskap met mekaar staan ook weer bymekaar kom. Soo is die Voortrekkers op heel natuurlike manier in betreklike sterk groepe georganiseer gewees, maar die grondslag, die basis daarvan was die hegte, die gesonde gesinsband.

Ja, 'n mens kan selfs verder

gaan en sê dat; maar die Bybel,
die huisgesin die Voortrekker se
kosbaarste besitting was. Die Bybel
en die huisgesin was selfs
onafskeidbaar met mekaar verbonde.
Saam met die Voortrekkerhuisgesin in
die Voortrekkerwa het die Bybel
gereis; in iedere huis het die Bybel
sy plek gehad, en soggens en
saans as die huisgesin in die
stille uur van aanbidding
bymekaar was, het die Voortrekkervader
met kalme waardigheid in
sy intieme huislike kring die
groot- en onverganklike
waarhede uit die woord voorgelees.
Die Bybel was selfs die
rekordboek van die huisgesin:
want op die blanko-blad voor
of agter in is die name en
geboortedatums van vader en
moeder aangeteken, en daarby
die name van kinders met die
datums waarop hulle gebore is. So
was die huisgesin en die Bybel
één; dit was inderdaad die Bybel
wat sò'n magtige faktor was om
die gesinsband te versterk en te
bewaar.

Ons verbaas ons dikwels daaroor
dat daar by die Voortrekkers, onder
die omstandighede waaronder hulle
geleef het, nie meer analfabete
voorgekom het nie. Hulle het
feitlik geen fasiliteite vir
onderwys gehad nie, maar tog
kon hulle, op enkele uitsonderings
na, lees en skryf. Wat is die
groot rede hiervoor? — Eenvoudig
dit, dat die huisgesin so
ongeskonde bewaar gebly het;
en dat vader en moeder daar

die geleentheid gehad het om letteronderwys aan die kinders te gee, al was dit volgens ons hedendaagse maatstawwe maar baie gering. Soms het rondreisende skoolmeesters wel ook hiertoe in die huisgesinne meegewerk, maar dit was gewoonlik maar baie kort van duur, en baie gesinne was ook nooit in die geleentheid om van sulke onderwysers gebruik te maak nie. In die meeste gevalle was dit maar vader of moeder, of albei, wat saans na afloop van die dag se werk by die flikkerende liggie van 'n tuisgemaakte waskers die onderwyswerk gedoen het. Boeke het hulle maar baie min gehad, maar een boek, die Bybel, het hulle almal gehad en dit ~~was~~ die vernaamste, en in baie gevalle die enigste leesboek.

Kortom, dus, iedere huisgesin was 'n hegte sosiale eenheid, 'n gemeente van die Here en 'n skool vir die kinders. Hier het ons een van die mooiste, skoonste kenmerke van die Voortrekkers, nl. dat broers en susters en vader en moeder deur onbreekbare liefdebande aanmekaar gesnoer was om vir mekaar 'n dierbare groep te vorm.

Maar die Trek het baie groot gevare met hom meegebring, en dikwels het dit voorgekom dat lede van 'n huisgesin van die dierbares uit hul midde moes afgee. Op Dinsdag, 29 Aug. 1837, staan Louis Trigardt, ver verwyderd

van sy mense en verswelg daar die duisternis diepte van die Afrikaanse binneland, by die sterfbed van sy jongste dogtertjie. Dan maak hulle 'n paar planke bymekaar om 'n doodkissie te maak. Die volgende dag sê Trigardt se vrou dat hulle die lyk maar moet begrawe — hulle probeer 'n graffie grawe, maar die grond is baie hard; met moeite bereik hulle enige diepte en dan word die jong voortrekkerdogtertjie — die ~~suiwer~~ produk van ons Afrikaanse veld en ons Afrikaanse sonskyn — in die bodem van ons Afrikaanse vaderland 'n laaste rusplekkie gegee. Treffend teken die bedroefde vader in sy Dagboek aan: ~~Hebbe zijnde~~ „Heb Carolus de menschen bij elkander geroep, ~~is zij ter~~ Aarde besteld" — En dis of 'n mens kan ~~sien~~ sien hoe die ontroerde en pionier met 'n growwe, verweerde hand die laaste woorde langsaam uitskryf. Droefheid en hartseer hang swaar oor die hele Voortrekkergeselskap: daar is een uit die kringetjie weggeruk.

Maar slaan Trigardt ook gade waar hy sy droefheid by die sterfbed van sy getroue lewensgesellin uitdruk. Die hele trek met al sy ontberings, swerwings, en gevare het hulle saam deurgemaak. Uit die Kaapkol., deur die Vrystaat, deur die Transvaal tot bo in die Soutpansberge, dan weer terug, oor die Drakensberge, deur die Laeveld tot in Delagoabaai — vir twee en 'n half jaar lank het hulle

saam getrek, en nou op 13 April 1838 kom hulle by Delagoabaai aan. 'n Paar dae later begin die koors sy slagoffers van die geselskap eis — en op die laaste van die maand lê ook Trigardt-se vrou ylend en uitgeteer op haar sterfbed. Die volgende dag, die 1ste Mei, [het sy nog ingegaan] ~~maar~~ sy was reeds doodswak en die end was naby. Saggies probeer sy nog 'n paar woorde aan haar lewensgesel fluister, maar so' sag dat hy nie meer kon verstaan wat sy sê nie. Maar dit was die laaste. ~~Om elfuur het~~ Swerwersmoeder het die edele vrou om 11 uur ~~die~~ haar ewige rus ingegaan. In Trigardt-se Dagboek kry ons die aangrypende ontboeseming: „Ugter kan ik mij niet troosten". De droefheid overviel my zodanig, dat ik bijna buiten mijn kennis raakte!" - Die moeder is uit die huisgesin weg, en daarmee het daardie pragtige Voortrekkerswaentrein 'n wrede slag getref.

En so is daar nog baie ander gevalle. Bv. ook die geval van die nobele Voortrekkermoeder, die vrou van Andries Pretorius. Saam met hom het sy na die swaar geteisterde Voortrekkers in Natal getrek. Saam ~~met hulle~~ hom het sy Natal as Voortrekkerland ingetrek en saam het sy ook weer oor die Drakensberge getrek toe Natal deur Eng. geannekseer was. In die Waterbergse Bosveld het sy baie siek geword. In Jaar 1848 het die Vrystaters Pretorius kom vra om hulle in hul stryd teen die Eng. te help. Sy vrou was baie siek en hy twyfel

maar die Voortrekkermoeder wat die laaste was om haar man terug te hou as sy volk hom roep: „ik ben geen zwak; het leven kunt gij mij niet geven. Men vraagt ons wel. Rijdt naar uwe landgenoten en ziet wat gij voor hen kunt doen, terwijl de zaak dringend is." Tóe hij twee maande later terugkeer, was sy daar nie meer nie.]

Uit dit alles sien ons duidelik wat die betekenis en die gees van die huisgesin onder die Voortrekkers was. En dit het vandag vir ons noodsaaklik geword om ook in hierdie opsig die koers te volg wat hulle so duidelik vir ons aangewys het. Dit is vir ons noodsaaklik omdat daar in ons hedendaagse samelewing baie faktore aan die werk is wat die hegtheid en die eenheid van die huisgesin ondermyn. Terwille van onderwys gaan baie kinders reeds vroeg van die huis af weg, sodat 'n gesonde gesinslewe daardeur bedreig word. In stygende mate soek die jong geslag plesier en ontspanning buite die werklike huis om. En, wat erger is, in baie gevalle word die egte Afrikaanse huisgesin waar die vader die hoogste woord spreek, vandag as ouderwets of uitgedien beskou.

Laat ons die egte Voortrekkerkoers steeds getrou navolg, want 'n gesonde gesinslewe is die basis van 'n gesonde volk. Verbreek jou gesinslewe, en jy ~~[illegible] [illegible] stadig~~ ondermyn jou onderwys, jou nasionalisme,

~~~~ sy kultuur en sy kerk. Kortom, jy ondermyn die hele fondament van sy volkslewe. Juis hierin lê die groot swakheid van die kommunisme soos dit in Rusland toegepas is: In Rusland word die huisgesin, soos ons dit ken, as verouderd en nutteloos beskou en dit bestaan vrywel nie meer nie. Wat die gevolge daarvan sal wees, sal die toekoms nog nader moet aantoon, maar ons het in Rusland tog alreeds genoegsaam daarvan gesien en ons sien dit ook nog daagliks. Hierin lê inderdaad een van die vernaamste redes waarom ons die kommunisme in die belang van ons volk en ons volkslewe met hand en tand moet beveg.

V **Slot**: Ek het die voortrekkerkoers in verband met die 3 belangrike punte, nl. ons verhouding tot die naturelle, ons nasiebewussyn en ons gesinslewe probeer aantoon. 'n Mens kan dit ook nog in verband met baie ander punte nagaan v.v. in verband met ons besturing, ons kerk e.s.m. ~~...~~, maar daarvoor ontbreek die tyd.

Die koers van die voortrekkers 100 jaar gelede het ek hier as die gesonde koers vir ons vandag aangegee. Die kwaadwilliges mag nou sê dat dit misleidend is want hoe kan ons dan in ons tyd met sy nuwe toestande die reglyn volg van die voortrekkers wat 100 jaar gelede onder heeltemal ander omstandighede gelewe het? Maar dit sou dwaas wees om so te sê want ons het hier ma groot prinsipiële dinge vrugs
~~~~

wat, ten spyte van tydsverloop, dieselfde bly. Ons middele mag wel verskil van dié van die Voortrekkers, maar ons einddoeleindes en ons beginsels bly dieselfde. Immers sit ons filosowe nie vandag nog dikwels aan die voete van Griekse wysgere wat honderde jare voor Christus geleef het nie? En gaan ons regsgeleerdes nie dikwels terug na die Ned. regsgeleerdes van die 17de eeu nie? Waarom sal ons dan nie ook na die skone koers van die edele Voortrekkergeslag van 100 jaar gelede teruggaan nie?

Seer seker sal ons ons volk uitnemend dien, en ons volkslewe daardeur veredel indien ons die ou Voortrekkerkoers, wat tog maar die egte Afrikanerkoers is, met nougesetheid volg. In verband met die drie punte wat ons vanaand behandel het, is die Voortrekkerkoers baie duidelik (1) 'n billike maar ferme naturellebeleid gebaseer op die grondslag van segregasie, (2) 'n egte Afrikaanse nasiebewussyn met die bereidwilligheid om op te offer wanneer nodig, en (3) 'n egte, gesonde gesinslewe as basis van 'n gesonde volkslewe. Ons skone hedendaagse Afrikaanse jeugbeweging, die Voortrekkers, het 'n leuse en 'n mooi leuse: Hou koers! "Laat hulle en laat ons koers hou", maar laat ons bowe alles die Voortrekkerkoers hou.